



'n ekerk tendens verslag

Ons leef in 'n wêreld waar tegnologie so drasties verander en verbeter, dat ons amper weekliks nuwe verwickelinge en vooruitgang sien op elke denkbare terrein.

By ekerk het ons besef dat verbruikerstegnologieë 'n groot rol speel in hoe plaaslike gemeentes en geestelike leiers hulle werk doen, en met mekaar kommunikeer. As mens nie daagliks daarop ingestel is nie, is dit 'n uitdaging om op hoogte te bly van elke nuwe verwickeling, asook hoe dit jou gewone bestaan dalk mag beïnvloed of nie.

Ons het dit dus goedgevind om as deel van ons tendens verslae, 'n jaarlikse oorsig te doen oor ontluikende tegnologieë, asook om die praktiese implikasies en toepassings daarvan te bespreek.

Hierdie is dan ons tegnologie oorsig vir 2014 — lekker lees!

0 TOT 5 JAAAR

 **tablette**

 **boodskap apps**

 **internet video**

.....

Communications tools don't get socially interesting until they get technologically boring.

[Clay Shirky]

Elke ontluikende tegnologie word aanvanklik uitgekryt as 'n 'nice-to-have', voordat dit uiteindelik ryp word en deur die massas aangeneem word.

So is dit dan ook met tablet rekenaars. Wat eers slegs as 'n luukse beskou is, het deesdae onontbeerlik geword vir enige besigheidspersoon, student of media verbruikers van enige aard. Die tablet rekenaar het sy kinderskoene ontgroeï, en word as 'n volwaardige instrument van kreatiwiteit kommunikasie gereken.

Die styg in populariteit van hierdie tipes hardeware het die hekkie tussen gewone mense en progressiewe tegnologie net nog 'n bietjie laer laat sak, en sien ons al hoe meer verskillende demografieë en inkomste groepe wat aktief raak op die internet.

Dit het ook digitale kommunikasie van die lessenaar of werksplek verskuif na enige moontlik denkbare sfeer van ons lewens. Bly op die uitkyk na ewig verbeterende produkte soos Apple se eie iPad, asook die Samsung Galaxy Tab.

Die tablet rekenaar is inderdaad hier om te bly.

Lees meer: http://en.wikipedia.org/wiki/Tablet_computer

Moontlike gevolg:

Produktiwiteit geskied nie slegs meer agter die rekenaar by jou lessenaar nie. Dieselfde produktiwiteit (indien nie meer nie) kan geskied agter 'n tablet rekenaar op enige tyd en plek.

Potensiële toepassings:

Het jou plaaslike gemeente 'n tablet vriendelike webtuiste?
Werk geskied nie meer alleenlik agter die rekenaar in jou kantoor nie. Werk begin al hoe meer versmelt met ons alledaagse lewens. Dus moet ons kan help en onderskei wanneer moet ons werk en wanneer moet ons met ons vriende kuier en ontspan. Dus moet ons weet wanneer om 'werk af te skakel' en wanneer ons moet tyd spandeer met die mense wat vir ons belangrik is. Ontspanning kan egter op die ander kant ook via die tablet rekenaars geskied. Dit beteken dat TV en programme ook op die tablet rekenaar gekyk kan word sonder om agter 'n TV skerm te sit.

Op die sosiale media front staan ons steeds verbaas oor hoe Facebook, Twitter en soortgelyke sosiale media platforms ons wêreld verander het.

Wat ons egter nie antisipeer het nie, is dat eenvoudige selfoon toepassings wat slegs die versending van kort sms-tipe boodskappe tussen gebruikers, die reuse van sosiale media sal laat les opsê. Navorsing bewys dat veral tieners en studente hulle Facebook profiele sluit ten gunste van alternatiewe maniere om met hulle sosiale kringe in kontak te bly, by name WhatsApp, SnapChat en WeChat.

Hierdie sms applikasies het die voordeel dat elke gebruiker se selfoon nommer vir jou bekend moet wees, voordat jy met hulle kan kommunikeer. Dit maak sulke tipe platforme heelwat meer persoonlik, relevant en direk — iets wat die massa benadering van Facebook nog altyd gekort het. Op plaaslike bodem is WhatsApp die toepassing met die meeste gebruikers, terwyl SnapChat in Noord-Amerika en WeChat in Europa meer momentum ervaar.

Lees meer: <http://bit.ly/1gALODf>

Moontlike gevolg:

Die dae van sms'e stuur of eposse stuur en lank wag vir 'n antwoord is verbei. Daar is 'n onmiddellike lyn van kommunikasie wat persoonlik is.

Potensiële toepassings:

Hoe kan die plaaslike gemeente direkte boodskappe gebruik om die mense te help in tyd van nood? Die lyn van kommunikasie tussen gemeente en lidmaat het eintlik weg geval. Hulle is direk aan mekaar gekoppel via die onmiddellikheid van die direkte boodskap. Die kuns is dan egter hoe om dit op 'n gesonde manier te gebruik en die mense met wie daar gekommunikeer word te 'spam' en oorrumpel met 'te veel' nie. Hoe word die noodsaaklike gekommunikeer? Wat is die noodsaaklike wat die persoon WIL hoor? Hoe kan die kerk mense help om 'n direkte boodskappe etiket aan te leer? Dit beteken dat daar 'n direkte lyn van kommunikasie is, maar wat ook nog privaatheid in het. Indien gebel word dan moet daar dadelik geantwoord word — dit ontnem die persoon van privaatheid. Direkte boodskappe het egter die lyn van dringendheid, maar die ontvanger het egter 'meer privaatheid' tov die antwoord daarvan. Hoe kommunikeer ons korter?

Die gebruik van hoë–spoed internet konneksies, tesame met alomteenwoordige toepassings en toestelle, vind ons dat ons meer geneë is om aanlyn media te verbruik wat voorheen buite ons bereik was.

Visuele beelde is tans die tipe media wat meestal deur aanlyn verbruikers verkies word, selfs bo teks. Video is op hierdie stadium derde in die ry as verbruikers se verkose medium van aanlyn kommunikasie, maar sal na verwagting binne die volgende drie jaar teks verbysteek as mees verbruikte aanlyn tipe media.

Dit sal in effek beteken dat ons eerste statiese grafika, dan video, en heel laaste teks as gekose kommunikasie media op die internet te wagte kan wees.

Video vervaardigers raak toenemend gesog om organisasie se boodskappe deur middel van hierdie visuele medium te kommunikeer, ten einde in 'n groeiende aanlyn gehoor se verwagting te voldoen.

Lees meer: <http://www.theguardian.com/media-network/ebuzzing-partner-zone/the-unstoppable-rise-of-online-video>

Moontlike gevolg:

Ons beweeg al hoe meer in 'n visuele wêreld in.

Potensiële toepassings:

Hoe kan die plaaslike gemeente die kuns aanleer om 'n storie op 'n visuele medium te vertel? Hoe kan die plaaslike gemeente die mense help om hulle eie lewe as 'n storie saam met Jesus te leef?

5 TOT 10 JAAR

 dra tegnologie

 optiese kables

 3D drukkers

 aanlyn leer

.....

Any sufficiently advanced technology is equivalent to magic.

[Sir Arthur C. Clarke]

Ons almal is gewoon daaraan om ons rekenaars en selfone in ons hande vas te hou, maar die dae van hierdie tegniese ongemaklikheid is amptelik getel. Die nuutste tegnologiese ontwikkeling behels dat jy koordloos tegnologies verbind sal bly deur middel van 'n toestel wat jy aan jou dra.

Van die mees onlangse voorbeelde sluit in brille met ingeboude skerms, klere wat sensoriese vermoë besit, en horlosies wat vir jou alles behalwe die tyd wys. Natuurlik het al hierdie toestelle internet verbindings, en kan jy met die minste moeite op hoogte bly van wat aangaan in en op jou foon en rekenaar.

Tot dusver was die hoofdoel van hierdie toestelle 'notification' gebaseer, wat beteken dat hulle jou net van nuwe veranderinge in kennis kan stel, maar die vermoë om ook skeppend te verkeer met jou nuwe bril of horlosie is vinnig op pad.

Kyk uit vir nuwe produkte soos Google Glass, Android Smartwatch, Pebble en die langverwagte Apple iWatch om binnekort hulle verskyning op die plaaslike front te maak.

Lees meer: <http://mashable.com/category/wearable-tech/>

Moontlike gevolg:

Ons hoor meer en meer dat mense praat van die 'altyd gekonekteerde verbruiker'. Draebare toestelle is die fisiese uitleef daarvan. Elke persoon gaan direk gekoppel wees aan die internet wat deursuur gaan word in jou alledaagse lewe.

Potensiële toepassings:

Terwyl daar gepreek word kan die persone in die erediens almal saam na 'n video kyk sonder dat dit op die projektor gewys hoef te word. Die dae van 'ek kom kerk toe vir antwoorde' gaan nog vinniger verdwyn. Almal gaan permanent gekonekteer wees met die internet wat beteken dat elkeen hulle eie vrae gaan beantwoord via die internet. Die vraag is of elkeen van die mense wat die plaaslike gemeente se nuus en inligting ontvang, dit wil ontvang via die draebare toestelle. Wat hiermee bedoel word, is dat indien ons gekonekteer is met die internet via die toestelle, dan moet inligting ons nie meer kom opspoor en soek nie, maar die verbruiker het die krag en potensiaal om te soek waarna hy/sy verlang. Gaan die kerk relevante inligting kommunikeer waarna die verbruiker verlang?

As jy gedink het jou 4MB ADSL Telkom internet lyn is die toppunt van digitale verbinding, dan moet jy jou standaard daadwerklik heroorweeg.

Die idee om data deur 'n elektroniese kabel te stuur is so oud soos die berge, en word reeds wêreldwyd vervang met data transmissie via optiese verbindings. Kortom beteken dit dat die data fisies deur 'n hoog sensitiewe ligstraal vervoer word, wat deur 'n kabel van die bron tot by jou skerm herlei word. Data versending via optiese kables is vinniger, meer stabiel, en het die vermoë om jou bestaande internet spoed en kapasiteit tot 500% te verhoog. Waar 'n standaard SA ADSL lyn tussen 2 en 10Mbps data vervoer, kan die gemiddelde optiese kabel konneksies terug met enigiets van 20 tot 30Mbps.

Dit kan ook die einde beteken van andersins aflyn diensverskaffers, wat uiteindelik sonder besigheid gaan sit, omdat hulle aanlyn kompeteerdere nou 'n vinniger en goedkoper produk of diens kan verskaf.

Lees meer: <http://www.sciencedaily.com/releases/2013/06/130627142406.htm>

Moontlike gevolg:

Daar gaan geen meer verskonings wees van stadige internet spoed nie en dit gaan beteken dat TV dalk moontlik uitfaseer gaan word sodat die verbruiker meer beheer het oor wanneer hy wat wil kyk via die internet. Ook sal werk en besigheid vinniger geskied.

Potensiële toepassings:

Die plaaslike gemeente het dan nie meer verskoning om vir almal verniet en vinnige internet te verskaf nie. Die bediening moet al hoe meer videos gebruik omdat die spoed nie meer 'n probleem is nie. Indien plaaslike gemeentes nog nie toelaat dat personeel van die huis af werk nie, dan moet daar weer daarna gekyk word. Met die internet spoed kan daar enige iets opgelaaie word of afgelaaie van of na die internet wat vinniger sal wees as om dit fisies te gaan aflaai of op te laai (alles elektronies natuurlik). Vergaderings kan via die internet geskied waar die mense dit vanuit die gemak van hulle eie huis en teenwoordigheid van hulle familie kan 'bywoon'. Besigheid gaan vinniger geskied wat beteken besigheid gebeur vinniger. Hou die kerk by of werk die kerk met 'dail up internet speed'?

Ons almal ken die laser drukker op jou lessenaar wat al jou nodige dokumente uitdruk soos en wanneer jy dit nodig het.

Maar as jy kan, verbeel jou 'n toestel wat nie op papier druk nie, maar wat eintlik meer 'n outomatiese beeldhouer is, wat enige drie-dimensionele voorwerp kan vervaardig met die druk van 'n knoppie. Al wat jy nodig het, is die vloeistof wat gebruik word om die gestolde voorwerp te vorm, en die spesifieke digitale bloudruk.

Al klink hierdie soos 'n tegnologiese vordering wat nog baie jare ver is, is 3D drukkers eintlik al 'n paar jaar in kommersiële gebruik.

Hulle word in maatskappye gebruik om onderdele te vervaardig en te vervang, om nuwe produkte te ontwerp, en om prototipes daar te stel wat die navorsingsproses van enige produklyn vinniger en meer effektief maak.

Op die huislike front kan 3D drukker gebruik word om klere reg te maak, jou skottelgoedwatter vinnig self te verstel, en selfs om kinders te help om hulle eie produkte te ontwerp, te 'print', en dit dan self aanmekaar te sit.

Lees meer: http://en.wikipedia.org/wiki/3D_printing & <http://3dprintingsystems.co.za/>

Moontlike gevolg:

Die moontlikhede is eindeloos!

Potensiële toepassings:

Alles is vervangbaar deur 'n 3D printer. Elke persoon het die potensiaal om enige iets te vervang vanuit hulle eie huis. Ons beweeg terug na die tyd toe almal met hulle hande gewerk het, toe almal 'n ambag gaan leer het. Hierdie toepassing is slegs die vermenging van die rekenaar, die internet en met die hande werk. Almal is ontwerpers.

Groeiende fooie by tersiêre instansies maak dit toenemend onmoontlik vir jongmense om hoë kwaliteit opleiding te bekom. Die internet het ook ons wêreld verklein in die sin dat alle inligting weetbaar, en elke kenner bereikbaar is.

Hierdie faktore, tesame met van die ander tendense wat in hierdie verslag genoem word, skep 'n perfekte geleentheid vir die geboorte van die aanlyn leer verskynsel.

Platforms soos SlideShare, SkillShare, GoToWebinar en ander soortgelykes maak dit vir gewone internet gebruikers maklik om óf as tutors óf as leerders op te tree.

Die aanlyn leer ervaring is oor die algemeen ook aansienlik meer toegespits op 'n spesifieke onderwerp, heelwat meer bekostigbaar, maklik om te bekom en ok om met ander in jou sosiale netwerk te deel.

Hierdie toepassing word veral aangewend in die vorm van grootskaalse korrespondensie, aanlyn konferensies, personeel opleiding, persverklarings en nog 'n menigte ander.

Voorlopers op hierdie gebied sluit in die TED konferensie, MIT en Harvard Universiteit.

Lees meer: <http://elearningindustry.com/top-10-e-learning-statistics-for-2014-you-need-to-know>

Moontlike gevolg:

Enige iets kan geleer word via die internet.

Potensiële toepassings:

Waarheen gaan die mense vandag vir antwoorde? Die internet. Dit beteken egter ook dat mense reg oor die wêreld opvoeding kan ontvang in die gemak van hulle eie huise. Dit geen die moontlikheid om voltyds te werk asook 'n opvoeding te ontvang. Leer die kerk mense noemenswaardig tov die Woord van God sodat hulle opgevoed word? Hoe kan die plaaslike kerk die internet leer ervarings omarm sodat mense reg oor die wêreld die Goeie Nuus kan hoor?

10 TOT 15 JAAR

 koordlose krag

 drones

 bio tegnologie

.....

The real danger is not that computers will begin to think like men,
but that men will begin to think like computers.

[Sydney J. Harris]

As enige elektroniese toestel nie moes voorsiening maak vir 'n battery nie, kon dit tot 200% meer verwerkingskrag insluit.

Dit beteken dat jou foon en jou rekenaar baie vinniger en kragtiger sou wees as ons nie nodig gehad het dat dit 'n battery moet insluit wat kort-kort gelaai moet word nie. By gebrek aan 'n ewig pap-wordende battery sal ons ook uiteindelik ontslae wees van die verleentheid om met 'n pap foon of rekenaar op hande te sit, net wanneer ons dit die nodigste het.

Die tegnologiese uitvinding wat hierdie wêreld gaan waarmaak, is koordlose elektrisiteit — die verskynsel waar elektrisiteit net soos koordlose internet deur die lug versend kan word, en dat enige toestel wat binne die trefkrag van die sein val, daardeur aangedryf sal kan word.

Koordlose elektrisiteit versending sal so algemeen soos selfoon sein moet wees, ten einde hierdie tegnologie enigsins lewensvatbaar te maak.

Hoe dit ook al sy, sodra ons nie meer ons toestelle hoef te herlaai nie, is daar aansienlik meer tyd, krag, spasie en kapasiteit beskikbaar om net nog vinniger, groter en meer betekenisvolle dinge met die beskikbare tegnologie in ons hande te kan doen.

Lees meer: <http://edition.cnn.com/2014/03/14/tech/innovation/wireless-electricity/>

Moontlike gevolg:

Ons gaan nog meer tyd hê om gekonnekteer te wees. Dit het natuurlik die potensiaal om goed en sleg te kan uitspeel.

Potensiële toepassings:

Hoe lyk 'n plaaslike bediening waar mense nog meer permanent gekonnekteer is aan die internet? Die vraag is eerder hoe die plaaslike kerk die verbruiker kan help om hierdie meer tyd, krag en spasie te kan benuttig sonder om hulle verhoudings met Jesus en met mekaar af te skeep.

'n Drone is 'n afstandbeheerde miniatuur helikopter, duikboot, kar, robot of vliegtuig, met 'n verskeidenheid van funksies aan boord.

Hierdie drones word met groot sukses gebruik in verskeie sektore, en meer en meer organisasies vind daagliks nuwe toepassings vir hierdie oënskynlik eenvoudige tegnologiese uitvinding. Drones het eers op die openbare radar verskyn toe wetenskaplikes hulle kameras aan die drones vasgemaak het, ten einde dinge en plekke af te neem wat tot dusver onmoontlik was.

Dit was net 'n kort rukkie daarna dat 'n menigte hoeveelheid ekstra toepassings vir drones die lig gesien het.

Deesdae het die mees algemene gebruik van kommersiële drones te doen met kommunikasie, verspieding, foto- en videografie, en ietwat meer kontroversieel, toepassings deur militêre en private organisasies wat die drones bewapen, om synde oor ver afstande en onbegaanbare terrein groter slaan te verleen.

Drones is ten volle kommersieel geïntegreerd, en die populêre AirDrone 2.0 is reeds plaaslik beskikbaar teen 'n bekostigbare prys.

Lees meer: <http://www.theguardian.com/world/drones> & <http://ardrone2.parrot.com/>

Moontlike gevolg:

Daar gaan van minder mense gebruik maak word om take te doen soos aflewering ens. Dit verminder ook die tyd tussen koop en aflewering.

Potensiële toepassings:

Indien drones gebruik word om produkte af te lewer, dan gaan dit aansienlik vinniger geskied. Dus gaan die tyd tussen koop en aflewering al hoe kleiner word. Dit beteken dat ons in 'n al-hoe-vinniger wêreld begin leef. Hoe help die plaaslike kerk mense om nie vasgevang te word in die resies en die vinnige 'weghardloop' van tegnologie nie, maar om dit op 'n gesonde manier te omarm en te gebruik om die persoon se lewe makliker te maak.

Dis een ding om jou internet gekoppelde toestel om jou arm of in jou hand te dra, maar dis 'n heeltemal ander situasie wanneer die internet moontlik deur jou are bruis, of direk met die sinapse in jou brein kan kommunikeer!

Alhoewel ons gewoon is aan sekere tipes tegnologie wat die bio-grense van ons liggame oorskry (dink maar aan pasaangeërs en ID skyfies vir troeteldiere), gaan ons nog baie moet groei voordat ons met enige mate van verantwoordelikheid breëband konneksies op so 'n intieme vlak as deel van ons menswees kan toelaat.

Moontlike toepassings vir ingeboude bio-tech sal, heel voorspelbaar, eerste op die mediese veld uitspeel. Verbeel jou dat al jou hoof liggaamlike statistieke soos bloeddruk, hartklop en suurstof verbruik konstant deur 'n sagteware program in jou doktor se kantoor gemonitor word, en dat jy deur 'n vinnige nood sms in kennis gestel kan word as enige van hierdie vlakke hoër of laer as die normale funksioneer!

Alhoewel hierdie tegnologie nog dekades van enige kommersiële lewensvatbaarheid af is, kan ons reeds die nodige boublokke wat dit gaan moontlik maak in ons alledaagse wêreld waarneem.

Lees meer: <http://www.bio.org/articles/what-biotechnology>

Moontlike gevolg:

Die gesondheid van die mensdom gaan eksponensieel vinniger verbeter.

Potensiële toepassings:

Ons hoor meer en meer dat die hoë ouderdomsverwagting mense se pensioen vinniger uitput. Ons dink die kerk kan en moet 'n rol speel om die mense daarvoor voor te berei asook daarmee te help. Die kerk moet haarself afvra en herdefinieer deur die rol wat sy gaan en moet speel in die samelewing. Binne 'n era van alles wat weetbaar is, en ons gesondheid wat verbeter, watter rol sal die kerk in so 'n samelewing speel?

TEGNOLOGIE 2014: SLOT

Dis ons hoop dat jy jou weg sal vind te midde van 'n see van tegnologiese ontwikkeling.

Alhoewel ons nooit alles hoof te aanvaar en te implementeer nie, gaan ons gemeentes en bedienings skade lei as ons besluit om onself totaal van tegnologie te onthou.

Die Here werk wonderbaarlik deur die vindingrykheid van ontwikkelaars en entrepreneurs, maak seker jy bly ingelig oor hoe tegnologie jou wêreld nog meer kan omvorm na die koninkryk van God!

© Ekerk Vereniging 2013

Saamgestel deur Dries Cronje, Pierre Engelbrecht, Stephan Joubert & Mynhardt van Plelsen.

Vir meer inligting oor Ekerk Navorsing, besoek gerus www.ekerk.org. Om hierdie inhoud in seminaar vorm te laat aanbied, kontak gerus vir pierre@ekerk.org.

Dankie dat jy gelees het!

